# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

## STUDIEBEURS-GELEENTHEDE 2018

**Bergrivier Munisipaliteit is verbind tot vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede, nie net vir die werknemers van die munisipaliteit nie, maar ook die breër gemeenskap van die Bergrivier Munisipale gebied. Die munisipaliteit bied 4 (vier) studiebeurs geleenthede ter waarde van R 30 000 elk aan Suid-Afrikaanse burgers, wat permanent woonagtig is in die Bergrivier Munisipale gebiedom voltydse nagraadse studie of nasionale diplomas te verwerf in die volgende studievelde:**

| | |
|---|---|
| **Veiligheidsfunksies** | **Verkeersdienste** |
| | **Wetstoepassing** |
| | **Rampbestuur** |
| **Skaarsvaardighede byvoorbeeld:** | **Ingenieurswese** |
| | **Tegniese ambagte** |
| **Munisipale Finansies byvoorbeeld:** | **Verkrygingsbestuur** |
| | **Ekonomie** |
| | **Rekenkunde** |
| **Interne Oudit** | **Ouditkunde of soortgelyk** |

**KRITERIA VIR SELEKTERING IS SOOS VOLG:**

- Keuring van 'n suksesvolle kandidaat sal op grond van akademiese meriete en totale huishoudelike inkomste geskied;
- Aansoekers moet by 'n geakkrediteerde tersiêre instansie in Suid-Afrika studeer;
- Dit is die verantwoordelikheid van die aansoeker om toelating van die tersiêre instansie te verkry en te kan bewys;
- Suksesvolle beurse sal direk aan die tersiêre instansie betaal word.

**DIE BEURS KAN AANGEWEND WORD VIR:**

- Klasgelde; en/of
- Registrasiefooie.

**DIE VOLGENDE DOKUMENTASIE MOET U AANSOEK VERGESEL:**

- Voorgeskrewe beursaansoekvorm, beskikbaar op die munisipale webtuiste by die Menslike Hulpbrondienste Departement op Piketberg of by die Munisipale Ontvangste by elke dorp;
- Motiveringsbrief van ongeveer 150 woorde waarom u dink u die beurs moet ontvang;
- Volledige curriculum vitae van aansoeker;
- Gesertifiseerde afskrifte van totale huishoudelike inkomste;
- Gesertifiseerde afskrif van matriekuitslae 2016, laaste matriek uitslae 2017 of tersiêre uitslae 2017;
- Gesertifiseerde afskrif van Suid-Afrikaanse identiteitsdokument;
- Bewys van goedkeuring van registrasie by tersiêre instansie;
- Bewys van woonadres binne Bergrivier Munisipale Area.
- Suksesvolle kandidate wat reeds in 2017 beurse ontvang het, sal per brief mee gekorrespondeer word en hoef nie weer aansoek te doen nie.

**Volledige aansoeke kan per hand ingehandig word by die verskeie munisipale kantore (Piketberg, Porterville, Velddrif, Eendekuil, Aurora, Redelinghuys, Goedverwacht); vir aandag Me A G Louw (Bestuurder Menslike Hulpbrondienste)**, om haar te bereik nie later nie as die sluitingsdatum**.**

**<u>GEEN FAKSE OF ELEKTRONIESE AANSOEKE SAL AANVAAR WORD NIE.</u>**

**<u>SLUITINGSDATUM VIR ALLE AANSOEKE 22 DESEMBER 2017 : 15:30</u>**